NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

February 2007 **Februarie 2007**

Editorial

This month I received a copy of the very first Tambotie, published at the end of June 1989, which was the end of the first quarter of the Woodworking Association's existence. (The association was established on 1 February 1989, and the first name list, dated 1 June 1989, showed a membership of 47 members. Of these we still have 4 on the present name list.) I want to name these four members and to thank them for their loyalty and consistent participation over the last 18 years:

Willie Marneweck
Don Moody
At Smit
John Snyman
(Names in the original sequence – Ed.)

In reading Tambotie no 1, it becomes very clear that the needs, problems and participation patterns have remained basically the same as we experience them at present.

Ek merk dat die draaiers sommer met 'n groot vaart weggespring het, soos wat u later in hierdie uitgawe sal opmerk. Ek vertrou dat hierdie groep se entoesiasme en ywer die res van ons ook sal aansteek en aanspoor om ons eie deelname, hoe gering dit ook mag wees, te verbeter. 'n Mens besef dit nie aldag nie, maar die tyd na die einde van die jaar is nie soveel as wat jy vermoed nie. Daar is soveel dinge wat gedoen moet word dat 'n mens vroegtydig moet begin ten einde te verseker dat jy darem sommige daarvan voltooi kry. Jou stokperdjie geniet seker maar 'n lae prioriteit, dus is dit des te meer noodsaaklik om jou tydindeling hiervoor sorgvuldig te maak sodat jy darem op die vlak ook satisfaksie kan kry.

Program vir Februarie

- **21 Februarie, om 18h00**: Draaiers vergader by Lou Coetzer.
- **28 Februarie, om 18h00**: Maandvergadering by die Plantkunde Laboratorium, Universiteit van Pretoria.

Previous meeting

Our last meeting was the Annual General meeting.

As a start, yours truly was presented with the honorary membership of the association for services rendered over the last couple of years. (*I want to thank all concerned for the honour. It is really great to know that one's efforts are appreciated. Ed)*

We then carried on with the normal procedures associated with an AGM. This clarified the fact that our finances are sound, we have a new committee and we have an idea as to what we may expect over the coming year. The committee then treated us with some snacks and an opportunity to enjoy informal discussions.

Die komitee vir die komende jaar is soos volg:

Voorstter: At Smit.
Sekretaris: Brian Addis.
Tesourier: Dries du Toit.
Lede:
Willie de Wet.
Lou Coetzer.
Andreas Swart.
Paul Roberts
Monty von Elling
(Die komitee sal uit hul geledere 'n vise voorsitter kies)

Tydens die verrigtinge het die voorsitter die lede bedank vir hul bydraes en pogings deur die vorige jaar, en ons ook aangemoedig om hierdie jaar ook te help om die verrigtinge van die vereniging weer suksesvol te maak deur volgehoue deelname.

We went through a little exercise to determine possible themes and activities for the year. This went

down quite well. The committee will now finalise and formalise this. A year program will be published as soon as this has been done.

Volgende vergadering

Ons volgende vergadering is op Woensdag, 28 Februarie, by die normale plek, Universiteit van Pretoria.

Tydens hierdie vergadering sal Prof. Gerrit van Wyk ons die een en ander oor die maak en herstel van viole vertel.

The chairman's piece

Laat my afskop deur te sê; 'n baie voorspoedige 2007, of dit wat daarvan oorbly. Mag die houtwerkskeppings wat vorendag gaan kom pragtig wees en iemand baie bly maak en mag dit, veral, groot genot verskaf om dit te maak.

Baie dankie aan die uitgaande komiteelede vir jul bydraes gedurende die afgelope jaar en ook dankie aan daardie lede wat bereid is om nog 'n jaar te dien. 'n Baie groot welkom ook aan die nuutverkose komiteelede. Ek vertrou ons gaan uitstekende samewerking geniet – daar is baie om te doen.

Ek vertrou dat almal nou terug is van die welverdiende vakansie en teen hierdie tyd het julle seker al die bedankingsbriefies van beamptes vanaf die dorpies op die vakansieroete ontvang en beantwoord. Dis tog so onpersoonlik deesdae met die moderne tegnologie en so 'n eenrigting van kommunikeer. Die stelsel is ook eensydig gelaai. Hulle sien jou maar jy sien niemand nie, hulle neem 'n foto van jou sonder jou toestemming en hy raam dit nie eers vir uitstalling op die kaggel nie. Wat het geword van die goeie ou dae toe daar nog persoonlike kontak was en vriendelikhede uitgeruil is voordat daar besigheid gesels was. Daarna het julle uit mekaar gegaan en vir etlike honderde meter nog mekaar gegroet met gepaste handgebare. By 'n ander geleentheid vertel ek die verband tussen houtwerk en "Speedcops".

Gedurende hierdie Desember vakansie het nog 'n jong vrou my 'ontdek' op aanbeveling van een van ons lede. Sy het 'n bietjie houtdraaiwerk benodig vir 'n meubelstuk wat sy besig was om te herstel/restoureer en sy het nie self die vermoë om te draai nie. Die een takie het tot die volgende gelei en uiteindelik het ons mekaar redelik goed leer ken. Wat my besonder getref het van hierdie dame, 'n moeder van twee jong kinders, is haar absolute passie en entoesiasme vir houtwerk en hout, veral Burmese kiaat meubels. Sy herstel verwaarloosde meubelstukke en verkoop dit dan weer. Ek was nog nie by haar werkswinkel nie maar ek lei af dat haar uitrusting en gereedskap maar taamlik karig is, tog sien sy kans vir taamlik ingewikkelde herstelwerk. Sy is volkome bewus dat sy nog baie moet leer en sy smag absoluut na meer kennis oor houtwerk, gereedskap en alles verbonde aan houtwerk. Ek is besig om haar te werf om by die vereniging aan te sluit.

Verlede week kry ek 'n oproep van 'n ander dame van Pretoria Noord. Sy het dmv. '***The Home Handyman'*** tydskrif verneem van ons vereniging. Hierdie dame wil graag 'n kursus in basiese houtwerk en ook sweiswerk doen. Sy het gereedskap van haar vader ge-erf en sy wou weet of ons vereniging kursusse aanbied. Ek kry baie navrae van hierdie aard en nogal baie vanaf dames. Daar is beslis 'n behoefte vir kursusse. Die vraag is hoe gaan ons vereniging die behoefte probeer bevredig indien ons wel so betrokke wil raak?

Sit vir 'n oomblik stil en besin oor wat houtwerk alles behels. Dit is veel meer as net die vaardigheid om met hout te kan werk. Dit verg ook 'n redelike kennis van 'n magdom ander aspekte nl. 'n kennis van die eienskappe van verskillende houtsoorte. Die geskiktheid al dan nie van 'n spesifieke houtsoort vir die beoogde taak op hande. Die vermoë om die hout te kan saag, skaaf, lym en las. Dink aan al die verskillende maniere om hout te las of te verbind. Dit verg 'n basiese kennis van die verskillende hand- en masjiengereedskap asook veiligheidsaspekte van elk. Gereedskap moet skerp wees om hout te kan bewerk, derhalwe moet jy die kennis en vaardigheid hê om gereedskap korrek te slyp en derhalwe 'n bietjie kennis oor slypwiele en slypstene en hulle effek op verskillende metale waarvan die snyvlakke gemaak is. Jy moet kan ontleed waarom 'n masjien/gereedkapstuk nie na wense die hout sny nie. Basiese onderhoud en klein herstelwerk en soms modifikasies van gereedskap moet behartig word. Houtlasse moet netjies en sterk wees. Dit verg 'n kennis van die verskillende houtlyme en hul eienskappe en geskiktheid vir die taak op hande. Houtwerk behels ook die aanbring van metaaltoebehore soos skarniere, handvatsels, slotte ens. Hierdie items word vasgehou met skroewe, spykers en kramme. Wat is die regte metode en watter soort skroef? Finale afwerking moet korrek voorberei en aangewend word om die meesterstuk tot sy reg te laat kom. Kennis van verskillende vernisse, olies, verwe, politoer ens is nodig. 'n Sin vir verhoudings is baie belangrik. Die item wat gemaak word moet esteties aantreklik wees, nie net vir die vervaardiger nie maar ook vir almal wie daaraan blootgestel gaan word.

Jy moet die vermoë hê om probleme te kan oplos, want elke taak wat aangepak word kom nie sonder sy eie probleme nie. Ken ten minste iemand in jou vereniging wie dalk kan help met jou probleem.

Ek kan nog baie meer aspekte byvoeg maar ek wil nie persone en veral nie dames afskrik om ’n bietjie houtwerk te doen vir ontspanning of kostebesparing nie!

Ek verneem graag vanaf lede oor hoe ons kwaliteit houtwerk gaan bevorder soos vereis word in ons grondwet.

AT SMIT

’n Ou artikel

Soos voorheen vermeld het ek Tambotie no. 1 onder hande gehad. Ek was nogal aangenaam verras met eerstens die kwaliteit van die artikels, tweedens die hoeveelheid artikels en dan natuurlik die feit dat dit deur “ons mense” self geskryf is. Die informasie wat in die artikels vervat is, is tans nog netso van toepassing as toe. Om dit met julle almal te deel gaan ek hiermee iets aanhaal wat deur Willie Marneweck geskryf is. ***(Ek wil terselfdertyd ’n uitnodiging aan julle almal rig om tog maar ook bydraes aan te stuur. Daar is baie van julle wat net sulke of selfs beter artikels kan lewer as jy net die moeite wil doen Ek sal altyd poog om dit in te sluit. Red)***

Aanwending van beits. Beits kan meer egalig, veral oor groot oppervlaktes, aangespuit as met ’n kwas of doek aangewend word. Gewone spuitverftoerusting is natuurlik hiervoor nodig. Verdun die beits met die verdunner wat deur die vervaardiger aanbeveel word sodat die tint geleidelik verdiep kan word deur etlike lae aan te spuit Ligter areas van die houtwerk kan meer behandeling ontvang totdat die algehele voorkoms bevredigend is.

Handige dikte verwysing. Dit is soms nodig om ‘n bepaalde diepte te plons met ’n verdieper. Nadat die verwysingsdiepte ingestel (bv. die snypunt gelyk met die verdieper se basis) en die klemmeganisme gesluit is, word die steel van ’n staalboorpunt van geskikte deursnee tussen die dieptemaat en die verstelskroef op die basis gepas en die dieptemaat gesluit. Wanneer die verdieper se klemmeganisme laat skiet word sal die snypunt geplons kan word met ’n afstand ooreenstemmend met die boorpunt se deursnee.

Willie Marneweck, 1989

(Ek merk dat Willie hier, volgens my mening, lekker *Afrikaanse terme gebruik. Hy het dan ook in dieselfde Tambotie melding gemaak van die publikasie; “**Houtwerkterme/Woodworking terms**” wat destyds deur die Departement van Nasionale Opvoeding uitgegee was. Dit kon in daardie jare by Van Schaik Boekhandel bekom word. Weet enige iemand of die publikasie steeds beskikbaar is. Dit kan moontlik help as ons boertjies woorde soek vir al die Engelse name wat ons so in tydskrifte lees. Red.)*

Turners’ corner

As far as the turners are concerned, 2007 started with a bang! Firstly we have a new leader group, with Willie de Wet as chairperson, and Lou Coetzer giving very able support. (It is with a bit of sadness that we had to let Roger go from this position) The new management seems to be worried that they may lag behind, and therefore they really climbed in from the start. Apart from their own “news letter” to get us started for the year, they came up with an interesting and taxing annual program. It is believed that, should everybody endeavour to diligently take part in the proceedings, the turning standards of all participants will improve drastically.

We had a surprising amount of turned items that was turned over the festive season, showing that those who did not go on holiday, spent their time constructively. What is amazing is the fact that al those members who have previously proved that they are capable of fresh thinking and ideas, once again came up with new concepts. To mention a few:

- Jack Munting’s efforts at encapsulating shards of sea shells. This type of embellishment is something more of us could try out, as the results can be quite stunning. (The “mistakes”, which to Jack is a major concern, will be quite acceptable to most people. If more people try this technique, we may be able to solve the minor errors so as to achieve the perfection that Jack is aiming at.)
- Willie de Wet’s effort at trying to make a model of intestines. Quite interesting! *(My interpretation. Ed)*
- At Smit’s new effort at turning “Palm wood”. The result, and At’s description of how he set about to finish this piece, clearly indicate the problems one has to overcome to make something different by turning this unwieldy material.
- Apart from these few examples, we had a variety of interesting efforts that may have warranted more explanations.

Well done guys. You really succeed in making the rest of us think!

Hierdie eerste vergadering van die jaar het sommer baie voorspoedig verloop. Ons kon eerstens ons verwonder aan al die nuwe idees wat met die nuwe draaibestuur uitgekom het. (Nuwe besems?) Ons glo dat met hierdie entoesiasme ons hierdie jaar weer eens sommer groot pogings in die draaigemeenskap sal sien.

Net sodat diegene wat nie self daar kon wees kan sien hoe goed ons begin het, ’n paar foto’s:

Jack se bakkie met skulpe versier.

Jack se skulpversierde bakkie het sommer baie mooi vertoon soos in die foto gesien kan word. Hy het egter kleinere probleme ondervind deurdat die hars nie maklik is om af te werk nie. Dit versplinter as dit gesny word. Hy werk egter aan ’n werklike oplossing ten einde die perfekte afwerking te kry.

’n Stinkhout-bakkie deur Jack Munting

Dit lyk nie net of die bak vervorm is nie- dit is. Dit is baie duidelik dat dit nie in elkeen se broek sit om so ’n bak van ’n palmboom se stomp te draai nie. Voorwaar ’n redelike unieke poging deur At Smit.

Dit is moeilik om met ’n foto te wys wat At werklik aangevang het. Sy eie woorde is dat hierdie ding omtrent soos ’n stuk jellie in die draaibank optree. Dit is verder die ene hare en water! Dit gaan dus nie slegs oor sny met ’n beitel nie. Baie aandag moet gegee word oor hoe die materiaal in die draaibank geklem moet word, hoe om die vorm te behou en hoe om van die oortollige hare ontslae te raak. Die eind-resultaat is egter heel uniek!

Hierdie stukkie van Willie de Wet wys net dat ’n bietjie verbeelding heel oulike resultate kan oplewer. Dit lyk soos loodgieter werk met hout.

Lou Coetzer demonstreer draaitegnieke tussen spilpunte. (Wys sommer ook hoe om 'n apparaat te maak om die moegheid uit ou voete te kry!)

At Smit demonstrates the turning of a goblet, including a captive ring.

As can be seen from the photos, we had a lively meeting with lots to discuss and lots to see and experience.

Our next meeting will be held at Lou Coetzer's workshop on 21 February at 18h00 hours. (494 Nebraska Street , Faerie Glen. Tel: 012 991 1241`)
The homework for the month is:

Beginners	Intermediate	Advanced
Foot massager	Goblet with captivated ring	Multi centred bowl
Meat tenderiser		Round bottomed box

A program for the year was handed out. Should anybody need a copy, please ask and you will be supplied. However, we will always remind you of the project for the month in the Tambotie.

Het jy geweet?

Hierby ingesluit is 'n oulike stukkie niksseggende informasie wat Lou Coetzer aangestuur het. Dit is maar altyd lekker om te weet hoe dinge werk, al het dit nie direk met houtwerk te make nie.

The Mach of popcorn

The first known users of maize to create the snack now known as 'popcorn' were the Native American Indians, who would add dried herbs as a seasoning. Today, the snack has achieved such popularity that some cities in the US call themselves the 'Popcorn Capital of the World'.

Despite popcorn's high-fibre, low-calorie, fat and sugar free content, which are all fantastic pluses, from a scientific viewpoint, the humble popcorn kernel packs quite a punch, but the speed after the initial explosion is somewhat disappointing, particularly for those who were expecting breakneck speeds.

The average popping temperature for popcorn is 175°C. This is due to the fact that at this temperature, the water inside the kernel is heated beyond boiling point, generating an internal pressure of approximately 900 kPa (or 9 bar). In the tightly sealed popcorn kernel, the pressure causes the pericarp of the kernel to explode. The force of the explosion causes the kernel to turn inside out, evenly distributing the moisture, thereby creating the fluffy texture of the starch unique to popcorn.

After conducting experiments using high speed photography, the average velocity of popcorn, that is the distance it travels from the moment it starts exploding to the distance it travels when fully exploded, is approximately 0.15 metres per second. It certainly comes nowhere near breaking the sound barrier, despite its pop.

From WATTnow, Engineering Tomorrow (Nov. 2006), Publication of SAIEE (South African Institute of Electrical Engineers).

New members

On behalf of all our members, I want to extend a hearty welcome to the following new members. We hope that you will find it easy to really become part of the association. Never hesitate to ask questions or to volunteer ideas. That is the only way by which all of us can gain from our membership.

Name: Ruben Joubert
Address: Jan Meyers Rylaan 161,Meyerspark,0184
Telephone: 012 803 4981
Cell phone: 082 564 2786
E-mail: ruben@telkomsa.net
Interests: Turning and cabinet making

Name: Neil Mackinnon

Address: 5 Neal Street, Rietondale
Telephone: 012 329 0749 (H), 012 313 3607 (W),
Cell phone: 082 376 5550
E mail: neil.mackinnon@resbank.co.za
Interests: Turning and, cabinet making.

Meubelmakers

Tydens die laaste byeenkoms verlede jaar is 'n program vir 2007 opgestel. Die byeenkomste vind hierdie jaar (soos verlede jaar) op die 2de Saterdag van die maand plaas tussen 09:00 en 11:00. Soos in die verlede gaan die plek van byeenkoms by lede se werkskamers plaasvind op 'n wisselende basis. Die eerste byeenkoms vind plaas by **Frans Gericke op Saterdag 10 Februarie 2007**. Sy adres is **Elveram 62, Lynnwood Glen** en die onderwerp is die **instel van masjiene**. Die volledige program vir 2007 is as volg:

MAAND	TYD	ONDERWERP
10 Feb	09:00	Instel van masjiene
10 Mrt	09:00	Anatomie van meubels
14 Apr	09:00	Besoek aan Ockert se fabriek
12 Mei	09:00	Router: profiele langs kurwes
9 Jun	09:00	Deure (kaste & binne- & buitehuis)
14 Jul	09:00	Hardeware
11 Aug	09:00	Besoek Willie Marneweck se fabriek
8 Sep	09:00	Voeë
13 Okt	09:00	Ingeboude kaste
10 Nov	09:00	Spindle: Profiele langs kurwes

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon. Laat gaan asseblief jul gedagtes oor die onderwerpe en en bring die idees, wenke, ens na die byeenkomste sodat ons in die proses mekaar kan leer en help om ons kennis, vernuf en vaardighede uit te brei.

Danie Venter

A webb site to visit

Hereby a self eplanatory bit from one of our members. I believe we may be able to get a lot of mileage out of this initiative. *(By the way, have you visited Fanie's shop recently? He moved to a bigger shop in the same complex. He now have facilities to train people on most of the tools we encounter in a woodworking shop. We may be able to incorporate his facilities with the chairman's views on training in mind. Ed)*

"Louw, ek het gewonder of jy my dalk kan help om epos adresse van die lede te kan bekom. Ek het op my nuwe webtuiste met 'n houtwerk forum begin waar mense wat hulself registreer op die webtuiste, idees kan uitruil en sommer net oor houtwerk en gereedskap kan gesels. Ek wil graag hê dat 'n paar mense dit vir my moet uit toets.

Die webtuiste se adres is:

Winkel: http://www.executool.co.za/catalog/
Forum:
http://www.executool.co.za/catalog/forum.php?osCsid=e4883299eca76093503f774fc186cf08
Die forum is 'n webskakel aan die regterkant boaan die tuisblad
Ek sal enige insette van julle waardeer.

Fanie le Hanie
Executool CC
Tailored Tool Solutions
Tel: 012 – 548 7425
Fax: 012 – 548 7426
eMail: fanie@executool.co.za

Subs

Just a quick reminder: Our subscriptions for the 2007 year are now due. Kindly forward your R180 as soon as possible so as to assist the treasurer in balancing the books. Members who forget to pay will find that they may loose their membership by the time that the new namelist appears. Please pay soon!

EDITORIAL

Editor: Louw Trichardt
Address: Box 50606, Wierda Park, 0149
Telephone: 012 653 1874
E-mail: louwmarie@icon.co.za